STAAN VERWONDERD

1 Kron. 4:10

Harties NG Poortbode 2024

Datum: 28 Julie 2024
Prediker: Ds. Johan de Wet
Teks: Luk. 15:17-24
Tema: Oorvloed in vrede en geluk.

Kantoor: Angie - 012 253 1991x100
E-pos: kantoor@hartiesng.org
Poortbode: Marianne - 012 253 1991x106
E-pos: komm@hartiesng.org

WEEKPROGRAM

Sondag	28/07	08/30	Voorbidding	Gebedskamer
		09:00	Erediens	Kerkgebou
		09:00	Voetekerk en Juniorkerk	Jeugsentrum
		17:30	Seniorjeugkerk	Jeugsentrum
Maandag	29/07	18:00	L • I • F • T	Jeugsentrum
Woensdag	31/07	09:00	Senior– en Vrouebybelstudie	Jeugsentrum
		18:30	Vrouebediening	Jeugsentrum
Vrydag	02/08	06:00	Mannebiduur	Kerkgebou

HEILSMUUR
KOM ONS LEEF HALLELUJALIED 287

1. Ek kan hoor my Heiland roep my,
ek kan hoor my Heiland roep my,
ek kan hoor my Heiland roep my:
"Neem u kruis en volg My,
volg My na!"

Koor:
Waar Hy lei, daar sal ek meegaan,
waar Hy lei, daar sal ek meegaan,
waar Hy lei, daar sal ek meegaan,
gaan ek met Hom, met Hom
tot die end.

2. Lei, Hy my soms deur beproewing,
lei, Hy my soms deur beproewing,
lei, Hy my soms deur beproewing,
gaan ek met Hom, met Hom tot die end.
Koor:

3. Op my pelgrimsreis op aarde,
op my pelgrimsreis op aarde,
op my pelgrimsreis op aarde,
gaan Hy met my, met my, tot die end.
Koor:

Gebedsversoeke

1. Eugene en Tessa Besselaar: dit gaan elke dag beter met Eugene, alhoewel die pad na volkome herstel nog 'n tydjie sal neem.
2. Tannie Daneel Rossouw: sy is nog in die hospitaal.
3. Oom George Barnardo: hy was verlede week by die ortopeed. Hy sal DV in Oktober na nog toetse, vir sy operasie opgeneem kan word.

Stuur versoeke asseblief voor Woensdae 12:00 na Wendy Barnardo 072 159 6777

Neem asseblief kennis

Hek 1 (kerkkantoor), maak baie vinnig toe, nadat 'n mens deurgery het. Dit is om te verhoed dat ongewenste persone in motors, kan "tailgate". Wees dus asseblief baie versigtig, wanneer jy dié hek gebruik, om skade aan jou kar te voorkom.